# Die plek en funksie van belydenisskrifte in die kategese van die Nederduitsch Hervormde Kerk

**M J du P Beukes**
**Sentrum vir Teologiese Navorsing en Toerusting (Afd A)**
**Universiteit van Pretoria**

**Abstract**

**The purpose and function of the articles of faith in the catechism of the Nederduitsch Hervormde Kerk**

*Since the publication of the Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika's most recent catechism text books (1982-1989), there has been concern that the articles of faith of the church, and particularly the Heidelberg Catechism, have not been taught sufficiently. In this study it is shown that the Heidelberg Catechism was only for a short period of time the exclusive text book used in teaching the dogma of the church to catechism pupils. Since 1985 it has become a general tendency in almost all reformed churches not to use one of the articles of faith or an abbreviated form thereof as basis in catechism anymore, but rather to use the Bible itself. This study attempts to point out that the Council for Catechism of the Nederduitsch Hervormde Kerk has chosen correctly on sound theological, pedagogical, and didactic historical grounds to teach the Biblical content within the accompanying framework of the faith and not according to one or other article of faith of the church. Many factors, as indicated in this study, require that the witness of the church again be conveyed, based on the existing articles of faith, and that this then should serve as the accompanying framework for the catechism.*

## 1. INLEIDING

Die Algemene Kerkvergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika het in 1979 opdrag gegee dat nuwe kategeseboeke vir die kerk geskryf moet word. Aan hierdie opdrag is uitvoering gegee vanaf 1982 tot 1989.

Hierdie nuwe handleidings het in baie opsigte verskil van alle vorige handleidings wat deur die kerk gebruik is. Van die vernaamste verskille is die volgende:

* Handleidings is voorsien vir katkisante en kategete;
* rekening is gehou met die verskillende fases waarin kinders verkeer;
* insigte van ander wetenskappe, soos sielkunde, opvoedkunde en didaktiek is benut;



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

* bestaande aanvaarde kurrikulumteorieë is as grondplan benut;
* die Bybel staan sentraal in die seleksie van inhoude; en
* die belydenisskrifte het tot hulle reg gekom, maar is op 'n bepaalde wyse gehanteer.

Sedert die verskyning van die genoemde kategesehandleidings is besware teen die inhoud en vorm daarvan geopper. Een van die kernbesware is dat die belydenisskrifte, in die besonder die *Heidelbergse Kategismus*, nie na wense aan die orde gestel is nie. Daar is veral besware geopper teen die feit dat die *Heidelbergse Kategismus* en die ander belydenisskrifte nie direk gehanteer is nie. Die verwagting is dat die vrae en antwoorde van die Kategismus direk aan die orde gestel en gememoriseer moet word op min of meer dieselfde wyse as in die vorige handleidings, naamlik die Kortbegrip en Geloofsleer. Hierdie studie is 'n poging om vas te stel op watter wyse die belydenisskrifte in die kategese van die Kerk behoort te funksioneer.

Kategese is kommunikatiewe geloofshandelinge op grond van die doop ten dienste van die evangelie van Jesus Christus. Dit vind plaas in die vorm van onderrig met gebruikmaking van die beste kurrikulummodelle tydens die formele kategese, maar is in al die kerklike bedieninge ingebed. Dit geskied aan verbondskinders wat medebetrokkenes is, en word bedien deur ouers, kategete en die verbondsgemeenskap op gesang van die Bybel as Woord van God met die oog op die regte verhouding met God (Beukes 1994:233). Hoewel daar in hierdie definisie van die kategese baie aspekte ingebou is wat relevant is met die oog op die plek van die belydenisskrifte in die onderrig van die Kerk in die algemeen, sal in hierdie artikel volstaan word met die plek daarvan in die kategese. Dit beteken hoegenaamd nie 'n geringskatting daarvan in die ander bedieninge van die Kerk nie.

In hierdie studie sal gepoog word om veral twee uiterste standpunte ten opsigte van die plek en funksionering van die belydenisskrifte in die kategese af te wys. Enersyds word die onvoorwaardelike direkte voorskryf van die belydenisskrifte vir die kategese en die hantering daarvan asof dit dieselfde gesag as die Bybel het, afgewys. En andersyds word die volkome geringskatting van die belydenisskrifte deur aan dit geen plek tydens die kategese te gee nie, afgewys.

Die seleksie van kategetiese leerstof is nie 'n willekeurige saak nie. Seleksie van inhoude is 'n integrale deel van kurrikulering (Kruger 1980:19; Beukes 1983:188; Snyman 1987:32), wat noodwendig meebring dat in hierdie studie al die komponente van die basiselemente van die mees gangbare kurrikulummodelle vir die besinning gebruik sal word.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

## 2. DIE SELEKSIE VAN KATEGETIESE LEERSTOF AS ONDERDEEL VAN KURRIKULERING

Sedert 1980 het beoefenaars van die kategetiek tot die besef gekom dat kategese en die algemene onderwyskunde baie in gemeen het en dat daar met goeie gevolge wedersyds van mekaar se insigte gebruik gemaak kan word (Beukes 1994:229).

Die leerder, in hierdie geval die katkisant, is dikwels vir baie jare met die kategese besig sonder om sinvol gevorm te word. Die oplossing vir die probleem is na verskillende kante gesoek. Die klem word te swaar op die kategeet gelê (Kuiper 1980:51), die inhoude is te oorlaai en nie altyd relevant vir die katkisante nie (Green 1966:9), en daar word nie voldoende rekening gehou met die katkisant se bevattingsvermoë, behoeftes en betrokkenheid nie (Dingemans 1986:13). Snyman (1987:7) het aangetoon dat die probleem nie net op een vlak lê nie, maar dat dit in die totale manier van onderrig in die kategese geleë is. Volgens hom is die sentrale probleem die feit dat die kategetiek nie die bestaande onderwyskurrikuleringsmodelle benut nie. Die negering van goed beplande kurrikulering het tot gevolg dat leerinhoude onder andere onnadenkend gekies word sonder inagneming van die doel en doelwitte of dat die katkisante se behoeftes en vermoëns in berekening gebring word. Die wesenlike vraag is daarom hoe om 'n kurrikulum te beplan wat vir aktiewe deelname deur die lerende subjek voorsiening maak en tegelyk reg laat geskied aan al die komponente wat in die kategese ter sprake is (Beukes 1985:155).

Verskillende modelle vir kurrikulering is bekend. Een van die grondleggers van kurrikulering is Ralph Tyler met sy *Basic principles of curriculum and instruction* (1952). In 1977 bevestig hy nog steeds dat die volgende basiese vraagstelling met die ontwerp van 'n kurrikulum behoort te geld:

* What should be the objectives of the curriculum?
* What learning experiences should be developed to enable students to achieve the objectives?
* How should the learning experiences be organized to increase their cumulative effect?
* How should the effectiveness of the curriculum be evaluated? (Tyler 1977:11).

Volgens Kruger (1980:19) is 'n kurrikulum 'geselekteerde en geordende onderriginhoude wat 'n program vir die onderrig daarstel waarin daar 'n funksionele samehang tussen situasie-analise, doelstellings, beplande leerervaring, aktualiteitsgeleenthede en



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

evaluering aangewys word'. Volgens Louw (1993:32) vorm genoemde vyf komponente vandag nog steeds die basis vir feitlik alle kurrikulering in skole in Suid-Afrika. Hierdie strategie het die volgende voordele:

* Alle komponente wat nodig is vir sinvolle beplanning word verreken;
* een komponent word nie ten koste van die ander beklemtoon nie;
* die moontlikheid om die vertrekpunt op verskillende punte te neem, maak dit bruikbaar vir kurrikulering van nuwe en reeds bestaande kategeselesse; en
* as een komponent, soos byvoorbeeld lesinhoude nagevors moet word, bewaar dit die navorser om die een komponent los van die ander te bestudeer.

Op die gebied van die kategese was dit veral Kuiper (1980) en Dingemans (1986) wat hierdie onderwyskundige modelle op Europese bodem ontgin het. In Suid-Afrika het Nel (1985:171) intensiewe navorsing op hierdie terrein gedoen. Snyman (1987) het in sy proefskrif juis hierdie model gekies om te besin oor leerinhoude vir die finalejaar kategese. In die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika het hierdie model die basis gevorm vir die nuutste kategesehandleidings.

Die enigste leemte in hierdie model is dat die beleid of die prinsipiële uitgangspunte van die kerk of 'n bepaalde instansie nie verreken word nie. Dit kan daartoe lei dat die behoeftes van die leerlinge die norm vir kurrikulering word. Met byvoeging van die komponent beleid, kan 'n bruikbare model vir die kategese moontlik uit een van die volgende komponente bestaan: beleid, behoeftes, doelstellings en doelwitte, seleksie van inhoude, leerervaring en leergeleenthede en evaluasie (Beukes 1983:1).

Met bogenoemde as uitgangspunt sal vervolgens besin moet word oor watter plek en funksie die belydenisskrifte moet inneem met inagneming van die volgende: Die beleid van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika met betrekking tot belydenisskrifte en in die besonder belydenisskrifte in die kategese, die doel van die kategese, die katkisant en die leerstof van die kategese.

## 3. DIE BELEID VAN DIE KERK TEN OPSIGTE VAN BELYDENISSKRIFTE IN DIE KATEGESE

Die beleid van die Nederduitsch Hervormde Kerk ten opsigte van voorgeskrewe kategese inhoude word op die Algemene Kerkvergadering geneem en in die kerkorde verwoord. Dit is opvallend dat die kerkordes van die kerk baie min sê oor die voorgeskrewe kategetiese stof. Tot 1914 word geen melding gemaak van die voorgeskrewe kategetiese stof nie. In die kerkorde van 1914 word gesê dat kategese en Sondagskool gehou moet word 'ter onderwijzing in de Bijbelsche geschiedenis en in de geloofs- en



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

zedeleer en zoo mogelijk in de kerklijke geschiedenis' (NHKA 1914:11). Vanaf 1951 word die kategetiese leerstof meer volledig beskryf: 'Die kategetiese onderrig omvat: die kennis van die Bybel; die geloofs- en sedeleer; die Kerkboek en die geskiedenis van die Kerk' (NHKA 1951:42). Die Kerkboek waarna hier verwys word, bestaan uit die belydenisskrifte, die liturgiese geskrifte en die Psalm- en Gesangboek. Vanaf 1986 word alle kategetiese leerstof gesien as ten dienste van die verkondiging van die Bybelse inhoud. 'In die kategese word die hele Bybelse inhoud en die betekenis daarvan behandel, soos dit tot uitdrukking kom in: die Bybel self, die belydenisskrifte van die Kerk en die kategesehandboeke wat deur die Algemene Kerkvergadering vir hierdie doel goedgekeur is' (NHKA 1986:63).

Dit is baie duidelik dat die belydenis van die Kerk, soos verwoord in die belydenisskrifte, altyd in die kategese ter sprake was, maar op geen stadium is besluit oor die wat en die hoe van hierdie betrokke inhoud nie.

## 4. DIE DOEL VAN DIE KATEGESE

Die doel is die belangrikste komponent in die bepaling van leerinhoude (Louw 1993:37). 'Die doel wat ons met kategese het, is bepalend vir die hele koers en rigting daarvan. Die doel wat ons met die kategese wil bereik, bepaal die inhoud, leerstof, metodiek en die inrigting daarvan' (Van der Merwe 1984:13).

In die Rooms-Katolieke Kerk is die einddoel van die kategese grootliks gekoppel aan die kerk. Kategese vind plaas met die oog op die kerk: gehoorsaamheid aan die leer van die kerk en die gesagsfigure van die kerk (Snyman 1987:205). 'In de catechese gaat het om de leer van de kerk in haar geheel. En haar eerste doel is kerkleden op te kweken, die goed met de leer en de liturgie van de rooms-katholieke kerk en met haar vormen van geloofsbeleving op de hoogte zijn' (Bijlsma 1962:8). Uhsadel (in Snyman 1987:205) huldig min of meer dieselfde standpunt as die Rooms-Katolieke: 'Das Ziel der kirchlicher Erziehung ist die Hinführung die Einselnen zur Gemeinde, daß er in ihr und mit ihr zu leben lerne und an ihren tragende Kräfte teilgewinne.'

Onder gereformeerde teoloë bestaan daar groot ooreenstemming ten opsigte van die doel van die kategese. Die verskil is merendeels geleë in klemverskille. Vir die meeste gereformeerde teoloë gaan dit in die kategese om die eer van God, die verkondiging van die Woord wat die geloof in die Drie-enige God stig en bou, begeleiding tot 'n lewende verhouding met God (Achelis 1906:261; Fendt 1951:17; De Wet 1964:12; Van Uchelen 1945:13; Van der Merwe 1984:13). Met aflegging van geloofsbelydenis is dit een van die kernsake waarom dit gaan: 'Bely u soos die kerk en saam met die kerk, dat u glo in die Drie-enige God, Vader, Seun en Heilige Gees, wat



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

ons van die sonde en die dood verlos het? Onderneem u om hierdie belydenis altyd gestand te doen, u voortdurend tot die Here te bekeer en om Hom steeds te bid om u daarin te help' (Diensboek 1993:65).

Hoewel binding aan die kerk by gereformeerde teoloë nie 'n grootheid op sigself is nie, beskou hulle tog die kerk as die middel wat God gebruik om sy boodskap aan die wêreld te verkondig en as sodanig is binding daaraan ook een van die newedoelstellings van kategese. Kategese is die werk waarmee die kerk homself van geslag tot geslag voortplant (Kuyper 1909:504). Die kategese wil die katkisante tot geestelike mondigheid lei, sodat hulle as geestelike volwassenes in 'n bepaalde kerk kan funksioneer volgens die gawes wat hulle ontvang het (Achelis 1906:261; Van Veldhuizen 1925:56). Wanneer katkisante belydenis van geloof in die kerk doen, beloof hulle dat hulle sal meewerk tot die bloei van God se koninkryk in die algemeen, maar in die besonder tot die uitbreiding van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika (Diensboek 1993:65). Beide Viljoen (1994:449) en Snyman (1987:214) pleit dat die katkisante begelei sal word om 'n positiewe ingesteldheid te hê vir die missionêre gerigtheid van die kerk. Die koninkryksperspektief word deur albei sterk in die middelpunt geplaas (kyk in hierdie verband ook Beukes 1983:171).

Gereformeerde teoloë lê 'n baie nou verband tussen kategese, doop, belydenis van geloof en Nagmaalgebruik. Dit is 'n algemene Reformatoriese uitgangspunt dat die kerk met sy kategese die katkisante van hulle doop tot geloofsbelydenis begelei met die oog op toelating tot die Nagmaal (De Villiers 1957:26). Die groter aanvaarding van die kinderkommunie en die feit dat 'n baie groot gedeelte van die persone wat hulle vir kategese aanmeld, ongedooptes is, het daartoe aanleiding gegee dat die kategese al hoe minder aan die doop en die Nagmaal gekoppel word.

Dit is baie duidelik dat in die gereformeerde kerke dit in die kategese nie gaan om binding aan 'n bepaalde kerk of dogma nie, maar aan God, wat 'n lewende verhouding met Hom tot gevolg het. 'Zo kan gesteld worden, dat catechese is: Verbondsonderricht in de gemeente van de Here God naar Zijn opdracht aan haar jonge leden om hen onder de zegen en de leiding van de Heilige geest te brengen tot het kennen van hun God en Verlosser voor heel hun leven' (Brienen 1985:38). Vir Dingemans (1986:233) gaan dit in die kategese ook om die begeleiding van die katkisante tot 'n lewende verhouding met God. Hy plaas egter groot klem op die katkisante se eie keuses, standpunte en die wyse waarop elkeen sy geloof persoonlik wil uitleef.

> Het uiteindelijk doel van leerprocessen in de leerschool van het geloof is,
> dat (jonge) mensen in aanraking komen met de Heer



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

- door kennismaking met de bijbel, de christelijke traditie en de christelijke gemeente — zodat ze tot een eigen standpunt, ervaring en engagement ten aanzien van het geloof kunnen komen,
- door eigen reflectie en in nauwe samenhang met de geloofsgemeenschap van mensen die de Heer willen volgen — Christus zullen volgen op hun wijze en kerk en sameleving op een geëngageerde en kritische wijze zullen willen dienen.

(Dingemans 1986:233)

In die lig van die nuutste visies oor Praktiese Teologie word kategese beskou as deel van die totale 'didaskein' van die kerk wat ingebed is in al die bedieninge van die kerk en die lidmaat raak so lank as wat hy/sy leef (Firet 1977:82). Dit is 'een permanent leren' (Schippers 1982:13). Dit is kommunikatiewe geloofshandelinge ten dienste van die evangelie van Jesus Christus wat gerig is tot die kinders van die kerk en hulle wat tot die kerk wil toetree (Prins 1992:139). Dit het nie ten doel om vir die katkisante net 'n klompie sistematiese kennis te leer nie, maar om van hulle lewenslange volgelinge van Jesus Christus te maak. Die kategese wil eerder God-dienende as teologiesregdenkende mense vorm (Deist 1991:14). Schippers (1982:19) vat die doel van die kategese opsommend goed saam as hy stel dat dit ten doel het om die katkisante te 'helpen leren leven uit Gods beloften en naar zijn geboden en ze toe te rusten tot een verantwoordelijk leven in de wereld als belijden leden van Christus kerk'. Met so 'n doelstelling word die kategese bewaar van eensydige klemlegging op die kognitiewe. Dit vereis leerinhoude wat die katkisant op kognitiewe, affektiewe en psigomotoriese vlak vorm (Beukes 1983:191). Dit stem kategese eerder tot 'n kommunikatiewe geloofshandeling wat vormend werk aan die katkisant se verhouding tot God en nie slegs daarop gemik is om die gereformeerde leer te kan weergee nie. Dit is 'n saak wat die katkisant se kop, hart en hand raak en nie net sy verstand nie. Aan die ander kant bring die katkisant se deel wees van 'n bepaalde kerk noodwendig mee dat die kerk se verstaan van die Woord altyd deel sal moet vorm van die katkisante se uiteindelike toerusting.

## 5. DIE KATKISANT

Die katkisant moet altyd ten volle in berekening gebring word met die seleksie van inhoude (Beukes 1994:225). Die belangrikheid van die katkisant se verrekening by die seleksie van inhoude het deur die eeue verskil. Tot laat in die twintigste eeu is baie min rekening gehou met die katkisante se behoeftes of hulle besondere aard of



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

leefwêreld. Die leerstof is in 'n groot mate bepaal volgens die behoeftes wat die kategete of die kerk geoordeel het, nodig is (Bijlsma 1962:145). Gedurende die laaste gedeelte van die twintigste eeu het die prentjie egter baie verander, maar in baie gevalle het die pendulum te ver deurgeswaai. So het dit gebeur dat Steenmeÿer van Rij (1969:27), Plantinga (1967:228) en in 'n groot mate Breytenbach (1993:2-5) die klem oorheersend op die katkisant geplaas het (kyk veral Beukes 1994:225-229). Foeke Kuiper (1980) en veral Dingemans (1986) het daarin geslaag om die regte verhouding tussen katkisant en leerinhoude raak te vat. 'Ons uitgangspunt is, dat er een wisselwerking is tussen God en mens, tussen bijbel en situasie, tussen verkondiging en hoorder, tussen traditie en leerling' (Dingemans 1986:24). Die katkisant is nie sonder meer altyd die vertrekpunt nie. Met elke les moet opnuut besin word wat die lesinhoud gaan wees. Al die komponente wat ter sprake is, naamlik die katkisant, die lokaal, die tyd, die kategeet, die doel, die inhoud en selfs die evaluasie moet verreken word. Hierdie multidimensionele strategie lei daartoe dat die katkisant nie net objek of subjek is nie, maar medesubjek, en dus nie alleenbepalend is nie, maar medebepalend (Olivier 1985:248).

Kategese vind nie in 'n vakuum plaas nie, maar in konkrete realiteite — op 'n bepaalde plek en in 'n bepaalde tyd. En die plek en tyd is nie los te maak van die res van die wêreld en tyd in die algemeen nie. 'Tydsgees is nie konteksloos nie en is ook nie net plaaslik van aard nie, maar is wêreldwyd waarneembaar' (Van Aarde 1993:6). Dit is baie belangrik om te onthou dat die wêreld waarin die jeug opgroei, so 'n deel van hulle bestaan vorm, dat beïnvloeding, sonder dat hulle dit eers agterkom, plaasvind (Beukes 1993:33).

Hoewel tendense van die premoderne en die moderne paradigmas nog voorkom, is die oorheersende paradigma van ons tyd die post-moderne. Volgens Prins (1997:4 sien ook Armour & Browing 1995:11) is dit veral die oorheersende paradigma by die jeug. Aangesien die postmoderne nie die moderne kultuur sonder meer afgeskryf het nie, maar 'n kritiese metgesel daarvan geword het, sal moderne tendense soos sekularisme, materialisme, pragmatisme en individualisme in die kategese verreken moet word (Voster 1993:5).

In die postmoderne era het pluraliteit en diversiteit die model vir denke en handeling geword. Geen standpunt het absolute dominansie nie. Die affektiewe en pragmatiese van menswees word naas die kognitiewe beklemtoon (Van Aarde 1993:6). Volgens hierdie paradigma het elke mens die reg om sy eie standpunte te huldig, want die wêreld word deur 'n wye lens gesien. Jou beskouing word grootliks bepaal deur die posisie waar jy sit (Voster 1993:6). Die model van objek-subjek word deur die post-moderne vervang met 'n skema van subjek-subjek (Steenkamp 1997:8). Vir die



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

kategese beteken dit dat die klem nie meer in die eerste plek op leerinhoude val nie, maar op verhoudinge — die verhouding met God en met ander mense. Andersyds beteken hierdie denkskema dat die katkisante kan meespreek in die bepaling van leerinhoude en dat hulle menswees ten volle verreken word. Eensydige besluite deur kategete en selfs deur die kerk is net nie meer aanvaarbaar vir die huidige geslag nie. Negatiewe aspekte van die post-moderne sal altyd deur die kerk in die oog gehou moet word. 'Dit lê daarin dat die bestaan van absolute waarhede ontken word. Waarhede kan hoogstens relatief wees en kan na gelang van omstandighede gewysig word. Alle standpunte het die reg op bestaan en alle godsdienste word verdra' (Voster 1993:7).

Clare W Graves, 'n ontwikkelingsielkundige van New York Union College het 'n leeftyd gewy aan navorsing van diversiteit onder mense. Volgens hom word agt denksisteme by mense aangetref. Elkeen van hierdie sisteme verteenwoordig 'n bepaalde lewensuitkyk. Volgens Graves kom al hierdie sisteme in 'n meerdere of mindere mate in 'n gemeenskap voor. Een van die sisteme is egter gewoonlik dominant in 'n gemeenskap, terwyl een of ander aspek van elke sisteem by elke individu voorkom. Een bepaalde sisteem is egter by feitlik elke mens dominant (Graves, in Armour & Browning 1995:45).

Denkers van sisteem een lê die klem op fisiese oorlewing, terwyl dié van sisteem twee die klem lê op magte uit 'n ander werklikheid wat 'n mens se lewe beheers. By sisteem drie word die klem geplaas op fisiese krag. Volgens Armour & Browning (1995:85) is sisteem vier die oorheersende denkpatroon by die meeste Reformatoriese kerke. Denkers van sisteem vier lê die klem op die nakoming van vasgestelde morele kodes. Hierdie kodes se legitimiteit hang grootliks af van hulle historisiteit. By hierdie denkers het verandering gewoonlik nie 'n plek nie. Institutionaliteit speel 'n groot rol, en in sommige gevalle word die instituut as so belangrik beskou dat dit bo die morele kodes gestel word. Daar word gestreef na homogeniteit en konformiteit. Diversiteit word in alle opsigte afgewys. Volgens hierdie denkers is stabiliteit slegs moontlik as almal dieselfde dink en doen. Vir die denkers van hierdie sisteem beteken bestuur 'n hierargie van bo na onder. Die topbestuur bepaal die reëls en almal is verplig om daarby in te val (Beukes 1997:7). Hierdie sisteem is so oorlaai met reëls, regulasies, presiese prosedures, die etos van die instelling en outoritêre gesag, dat daar nie sprake van 'compassion' is nie. Die saak, die morele kode, die geskrifte staan in die middelpunt en nie die mens nie (Armour & Browning 1985:86).

Sisteem vyf se denkers het as reaksie teen sisteem vier se denkers na vore gekom. Hulle strewe na vryheid, deursigtigheid, diversiteit, kreatiwiteit, beweging en effektiwiteit. 'n Bepaalde sisteem of etos word nie op grond van tradisie gehandhaaf nie, maar op grond van effektiwiteit. Mense met dominante sisteem vyf-denke het nie 'n



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

behoefte aan godsdiens wat bloot aangehang word omdat dit tradisioneel is nie. 'Hulle luister slegs na preke en raak betrokke by Bybelstudie as dit na vorm en inhoud vir hulle relevant is met betrekking tot hulle lewe van elke dag' (Beukes 1997:9). Sisteem ses se denkers is egalitaries van aard. Hulle wil aan al die verskillende sisteme se mense plek en ruimte gee. Eksklusivisme van enige mens of groep funksioneer nie in hierdie sisteem nie. 'Compassion' is die middelpunt van alle sisteem ses-denkers.

Denkers van sisteem sewe beskou geen antwoord as vasstaande nie. Alles is buigbaar en alle komponente moet eers in die oog gekry word voordat 'n antwoord gegee kan word. Die benadering is deurgaans holisties van aard. Net soos in die geval van sisteem ses poog sisteem sewe-denkers ook om alle sisteme te akkommodeer.

Sisteem agt is nog in wording. Vir sisteem agt se denkers verdwyn alle politieke sienings en verskille tussen mense. Volgens hulle vorm die hele mensheid 'n eenheid wat in liefde en harmonie kan saamleef.

Volgens Graves (kyk Armour & Browning 1995:47) sal die denke van sisteem vyf tot agt in die een en twintigste eeu oorheers. Volgens die navorsing van Raubenheimer (1997), Prins (1997) en eie waarneming is die grootste gedeelte van Suid-Afrika se jeug reeds sisteem vyf- tot agt-denkers. Hulle denke leef grootliks in die paradigma van die postmoderne en die moderne. Premoderne en sisteem een- tot vier-denke kom baie sporadies voor. Dit is baie belangrik om te onthou dat die wêreld waarin die jeug opgroei, so 'n deel van hulle bestaan is, dat die beïnvloeding, sonder dat hulle dit eers agterkom, plaasvind. Hierdie verskynsel vra van die kategese 'n bepaalde styl en 'n baie besondere wyse van kies van leerinhoude.

Leerstellige sake kom in die kategese gewoonlik vanaf dertienjarige ouderdom aan die orde. Hierdie fase staan bekend as die adolessentefase. Gedurende hierdie periode vind buitengewone liggaamlike veranderinge plaas (Beukes 1983:141), en hierdie veranderinge raak hulle menswees in totaliteit. Gedurende hierdie fase maak die jeug hulle bewustelik en onbewustelik los van tradisionele bindings.

Bestaande waardes, opvattings en verhoudings word gesif en omvorm tot nuwe lewenspatrone. Die posisie tussen kind en volwassene waarin die adolessent hom bevind, lei tot onsekerheid en konflik. Die onsekerheid word verder verhoog deur die samelewingsveranderinge wat sedert 1994 in Suid-Afrika plaasgevind het en die feit dat 'n groot groep van die jeug vandag uit gebroke huisgesinne kom (Boshoff 1990:8; Raubenheimer 1997:7). Geloofstwyfel is een van die grootste onsekerhede waarmee die adolessent worstel. Naas die vrae rondom sy/haar selfbeeld, is die vrae in verband met geloofsekerheid en geloofstwyfel die hoogste (Raubenheimer 1984:181). Die vraag na die sin van die lewe is ook voortdurend op die tafel (Plantinga 1967:125). Die adolessent toon 'n besondere belangstelling in die praktiese aspek van die gods-



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

diens. Gedurende hierdie fase dink die adolessent abstrak en logies. Data wat nie beredeneer kan word nie, word nie bloot aanvaar nie. Hulle soek na wetenskaplikaanvaarbare verklarings (Beukes 1993:33). Gedurende hierdie fase speel die portuurgroep 'n baie belangrike rol en moet deurgaans rekening gehou word met groepsdruk.

Raubenheimer (1984:166) oordeel dat die jongmense in die vroeë adolessentefase veral met die portuurgroep konformeer, terwyl die jongelinge in die later fase eerder geneig is om die rigting van die breë samelewing te volg. Die portuurgroep speel gewoonlik 'n baie belangrike rol in die sogenaamde korttermynaangeleenthede soos kleredrag, haarstyl, musiek, sosiale gedrag, ensovoorts. Die ouers daarenteen, speel 'n belangrike rol aangaande langtermynaangeleenthede, soos byvoorbeeld waardes, lewens- en wêreldbeskouing, moraliteit, geloof, ensovoorts. Die besondere aard van die adolessent bring mee dat inhoude uit die Skrif wat vir hulle vastigheid en sekerheid bied, aangebied behoort te word. Die inhoude sal veral so hanteer moet word dat antwoord gegee word op die vrae van die katkisante wat betekenis vir hulle lewe van elke dag het. Op grond van hulle soeke na sekerheid is dit baie beter dat hulle self die antwoorde vanuit die Skrif ontdek as wat dit sonder meer aan hulle gegee word. Hulle toon 'n besondere belangstelling in die praktiese aspek van godsdiens. Die prakties-etiese trek hulle belangstelling baie meer as die leerstellige (Boshoff 1990:9). Hulle aanvaar nie sonder meer outoritêre uitsprake oor godsdiens nie. As die uitspraak Skrif-gefundeerd is, het hulle egter geen probleem daarmee nie.

Uit bogenoemde is dit meer as duidelik dat om die geloofsleervrae op 'n papegaai-agtige manier te leer, net nie meer inpas by die besondere aard van die adolessent en sy leefwêreld nie. Memorisering as leerwyse word deur die meeste opvoedkundiges nie hoog aangeslaan nie (Olivier 1985:253). Dit is 'n onderrigwyse wat sy oorsprong by Pavlov en Skinner se kondisionering van honde, rotte en duiwe het. Dit word daarom vandag nog hoofsaaklik gebruik deur onderwysopleidinginstansies wat 'n naturalistiese antropologie huldig (Olivier 1985:253). Die kerk was nog nooit geneë om sterk aanknoping te vind by die naturalistiese antropologie nie, en daarom is dit verbasend dat sommige lede van die kerk nog sterk aanhangers van memorisering as leerwyse is. Olivier (1985:254) wys memorisering as algemene leerwyse af as sy stel:

> Suksesvolle memorisering by mense is in die eerste instansie nie te danke aan herhaling nie. Wel aan sinbelewing. Indien 'n feit vir 'n kind sinvol is, sal hy dit onhou selfs na een herhaling (mits hy wil). Beleef hy dit egter as sinloos, vergeet hy dit, selfs na tientalle herhalings, tensy die sin vir hom daarin geleë is om deur te onthou, skande en teregwysing te



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

vermy. In so 'n geval sal hy wel die inhoud onthou tot by die eksamen of die ondervraging aan die einde van die les. Leer is veel meer as memoriseer.

Memorisering as leerwyse sou slegs aanvaarbaar gewees het mits dit volg op deeglike ontsluiting van die inhoud, die aantoon van die relevansie van die stof en dat die kind dit as sinvol — vir my as unieke individu, ervaar. Hoogstens sal die hantering van die hoofpunte van die belydenis vanuit die Skrif en slegs die memorisering van enkele aspekte wat vir die adolessent werklik lewenssin het, aanvaarbaar wees.

## 6. KATEGESELEERINHOUDE MET BESONDERE VERWYSING NA DIE BELYDENISSKRIFTE

In die didaktiese handelinge en die didaktiese teorie speel die leerstof 'n dominante rol. Vir die grootste gedeelte van die geskiedenis van die kerk was dit die enigste faktor waarmee rekening gehou is wanneer oor die kategese besin is (Dingemans 1986:257). Deur die eeue is die kategese gekenmerk deur 'n 'vierslag', naamlik geloof, gebod, gebed en die sakramente (Bijlsma 1962:67). Geloof word later hoofsaaklik die Apostolicum, gebod is die wet, gebed hoofsaaklik die Ons Vader en die sakramente handel oor verskillende aspekte rakende die deelname aan en die betekenis van die sakramente (Viljoen 1985:209). Dit is opvallend dat tot baie laat in die geskiedenis die Bybel hoegenaamd nie as kategetiese leerstof hanteer is nie (Beukes 1994:221).

Tot en met die Reformasie is die kategese van die kerk deur oppervlakkigheid gekenmerk. Waar die kategese in die vroeë Christendom nog die genoemde 'vierslag' hanteer het, het dit in die Middeleeue verval tot slegs die ken van 'n paar sogenaamde hoofsondes met die oog op die bieg (Viljoen 1985:214-217). Volgens Van't Veer (1942:146) is daar gedurende die Middeleeue geen kategetiese materiaal gepubliseer vir die gebruik van kinders nie. Tydens die Reformasie het die prentjie geheel en al verander. Die Reformatore, veral Calvyn, het die kategese tot een van die kern-aktiwiteite van die kerk verhef, en dit is beskou as een van die vier dinge wat nodig is om die kerk reg te orden (Pont 1991:443). Die Reformatore het gepoog om die Skrif in die middelpunt van die gemeentelike lewe te plaas. Dit is opvallend dat dit nie gedoen is deur middel van onderrig direk uit die Skrif nie, maar deur kategismusse. Die geloofsbelydenis van die kerk het in 'n groot mate in die middelpunt gestaan, en dit is beskou as die sogenaamde objektiewe maatstaf om die gelowiges van die ongelowiges te onderskei.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

> So kan duidelik onderskei word tussen die gelowiges en die ongelowiges. Dit is duidelik dat Calvyn nie onderskeid maak tussen gelowiges, uitverkorenes en lidmate van die kerk nie. Dit lê waarskynlik daarin dat vir Calvyn die instemming met die aanvaarding van die aanvaarde geloofsbelydenis van die kerk die toets is van lidmaatskap en gelowig-wees. Hy het dus 'n objektiewe norm hanteer en nie 'n subjektiewe norm, naamlik die kwaliteit van die geloof van die gelowiges, soos dit gebruik geword het in die na-Calvyn Calvinisme nie .... Juis omdat die geloofsbelydenis die grense van die kerk trek, is dit nooksaaklik dat almal dit sal aanvaar want so word die grenslyn tussen die gelowiges, diegene wat as lidmate aanvaar kan word, en die ongelowiges duidelik getrek.
>
> (Pont 1991:432, 434)

As Pont reg is in sy siening oor Calvyn, sou dit kon beteken dat om gelowige te wees, gelyk is aan die aanvaarding van die kerk se belydenis, of nog erger, die aanvaarding van die inhoud van hierdie belydenis soos dit geformuleer is in die kategeseboek van Calvyn. Van die kant van die gereformeerde Protestantisme was die belangrikste kategismusse dié van Calvyn en die latere *Heidelbergse Kategismus*.

Soos in die geval van Calvyn se kategismusse is die *Heidelbergse Kategismus* opgestel met die oog op die kerklike onderrig van die jeug. Op 19 Januarie 1563 is die kategismus wat deur die 28-jarige dogmatikus, Zacharias Ursinus, op versoek van die keurvors Frederik opgestel is, op 'n sinodesitting te Heidelberg goedgekeur. Die nadere doel van hierdie kategismus en die besondere wyse waarop dit gebruik moes word, word baie duidelik uitgespel in die voorredes tot die Heidelberger en die kerkorde.

> Dit is opgestel omdat 'die opgroeiende jeug op 'n baie nalatige wyse opgevoed en onderrig word, in die skole sowel as die kerke. Deels word dit glad nie gedoen nie, deels nie eenvormig nie en volgens geen vaste, sekere en duidelike leerboek nie, maar volgens elkeen se eie plan en goeddunke. Naas baie ander groot verkeerdhede het dit tot gevolg gehad dat die jeug in hoë mate sonder eerbied vir God en sonder kennis van sy Woord opgegroei het, geen eenvormige onderwys ontvang het nie of andersyds met omslagtige, onnodige vrae en soms met selfs verkeerde leer belas is .... Die jeug moet van die begin af in die eerste plek opgevoed word in die suiwere en ook eenvormige leer van die heilige



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

evangelie en die regskape kennis van God, en voortdurend daarin geoefen word ... dat u daarvolgens sal leer, doen en lewe'.

Omdat die ouer mense onder die pousdom sonder Kategismus opgegroei het en maklik vergeet waarom die Christelike geloof gaan, was dit nodig dat op alle Sondae en feesdae in dorpe en stede die kerklike ampsdraers voordat die kerklike prediking begin 'n stuk uit die Kategismus duidelik en verstaanbaar aan die mense sal voorlees, só dat dit in nege Sondae voorgelees word .... Verder moet elke Sondagmiddag op 'n uur wat plaaslik pas, kategismusprediking gehou word op die volgende wyse: Na die gesange moet die kerklike ampsdraers, die *Onse Vader* bid .... Daarna moet hy die tien gebooie duidelik aan die gemeente voorlees. Dan moet hy die vrae waaroor reeds gepreek is, dié wat nog nie kon leer nie, ondervra en stelselmatig eers 'n tyd lank op die teks en daarna algaande op die vraagstuk afstuur. Daarop laat hy etlike van die jongmense 'n bepaalde getal vrae in die Kategismus opsê wat in die voorafgaande prediking verklaar is en veral dié wat in die volgende prediking verklaar sal word, vrae wat hulle vantevore in die skool of tuis geleer het. Na die opsê van vrae en antwoorde moet die prediker dit uitlê sodat hy die Kategismus minstens een maal per jaar deurpreek.

(Voorrede by die Kerkorde, soos aangehaal Oberholzer 1986:16-17, 20-21)

Uit hierdie voorrede blyk dit dat die klem swaar geplaas is op die leer van die kerk, die daarmee gepaardgaande kognitiewe met as kernwyse van onderrig, die memorisering van vrae en antwoorde. Volgens Dingemans (1986:171) het hierdie wyse van onderrig geskied deur vrae en antwoorde 'zodat ze gemakkelijk uit het hoofd te leren zijn: de meest gebruikelijke didactische vorm van die tijd'.

In 1563 is twee vertalings van die *Heidelbergse Kategismus* in Nederlands gemaak. Hulle het spoedig 'n plek gekry in die Nederlandse kerkwêreld (Oberholzer 1986:5). Die 1566-vertaling van die *Heidelbergse Kategismus* is in die Datheense Psalmboek ingebind en het as sodanig baie vinnig versprei. Die Sinode van Wesel van 1568 het bepaal dat die *Heidelbergse Kategismus* met plaaslike vryheid gebruik moet word. Die Sinode van Emden 1571 het 'n soortgelyke besluit geneem (Pont 1981:81, 103). Die Haagse sinode van 1586 het bepaal dat die leraars die 'Sondagmiddae predikasie moes hou deur die "somma der Christelijke Leere inden Catechismo vervatet". Die predikant-kategeet het sy plek gewoonlik voor die preekstoel ingeneem sodat dit meer die



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

vorm van 'n leerdiens of onderrigdiens aangeneem het. Die besluit van die Haagse Sinode is dan ook herbevestig by die Algemene Sinode van Dordrecht 1618/1619' (De Villiers 1970:90). Die Sinode van Dordrecht het die *Heidelbergse Kategismus* tot leerboek verhef. Die sinode het egter ook die moontlikheid daargestel vir die gebruik van ander katkisasieboeke naas die Kategismus. 'Die A.B.C.-boekies en die Kortbegrip van Faukelius, wat self op die sinode teenwoordig was, was reeds in gebruik. Die gevoel is uitgespreek dat eenvoudige handboeke nodig was' (De Villiers 1970:91). Die Kortbegrip was reeds in 1637 in die Psalmboeke van destyds opgeneem.

Hoewel die *Heidelbergse Kategismus* as leerboek nie baie lank in die Nederlandse Kerk oorleef het nie, het kategeseboeke met die klem op die leer, vir 'n aantal jare die oorheersende kategetiese stof in die Nederlandse Hervormde Kerk gebly. In die negentiende eeu is die Kategismus en selfs die Kortbegrip in 'n groot mate verdring deur Borstius se *Kategismus* en Hellenbroek se *Voorbeeld der Goddelijke Waarheden voor Eenvoudigen* (Viljoen 1985:221). Beoefenaars van die kategetiek het deur die eeue gepoog om na die Bybel self as kategetiese stof terug te keer. 'De catechumenen moet aan de Schrift zelve worden gebonden' (Kuyper 1908:509). Net soos Kuyper, het Achelis (1906:290), Van Veldhuizen (1925:180) en ander beoefenaars van die kategetiek gepleit vir 'n terugkeer na die Bybel as primêre kategetiese stof. Dit het egter nie gebeur nie. Ten Have (1932:44) stel dat deur die regte begeleiding van die kategeet, die Bybel vir die katkisante die Woord van God word 'waarin hij zelf in den Bijbel vinden wat hij in Zijn geheele leven nodig heeft'. Die bemoeienis van Ten Have het grootliks daartoe bygedra dat die Bybel sedert die laat dertigerjare in Nederland die sentrale kategetiese stof geword het (Beukes 1994:222). Tot in die sestigerjare het alle klem op die leerinhoude geval wat deur die katkisante oorgeneem moes word. 'Elke les zet in met een inhoudelijke uiteenzetting van geloofsleer, bijbelse theologie of ethiek ... aan de memoriseer — en inzichtvragen worden ook opdrachten voor zelfwerkzaamheid en eigen verwerken van de stof worden toegevoegd (Dingemans 1986: 259).

In die sestigerjare word met die verskyning van die 'Handleiding voor de Catecheet' 'n nuwe soort kategeseboek 'geïntroduceerd. Nu staat niet meer de leerstof centraal maar het leerproces van de catechisatiegroep' (Dingemans 1986:259). Foeke Kuiper en veral Dingemans het deur hulle bemoeienis daarin geslaag dat kategese geword het tot Bybelse onderrig waar ten volle rekening gehou word met die katkisant en al die komponente wat gewoonlik in 'n didakties verantwoordelike program verreken word. Dingemans oordeel dat die vertrekpunt vir kategese die katkisant is en nie die leerstof nie. 'In dit boek nemen we niet ons uitgangspunt in het geloof-dat-overgedragen-moet-worden, maar in de geloofsgemeenschap, die samen leerling van de Heer



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

wil zijn' (Dingemans 1986:14). In Nederland het dit hoe langer hoe meer algemene tendens geword dat die Kerk nie die kategetiese stof voorskryf nie, maar dat die predikant of kategeet dit saam met die katkisante kies volgens die behoeftes van die katkisante (Beukes 1994: 228).

Aangesien die Kaapse gemeentes met die koms van Van Riebeeck deel gevorm het van die Nederlandse Hervormde Kerk, het onderrig van die begin af plaasgevind deur middel van die Kategismus en die Kategismusprediking. Die sieketrooster Wylant rapporteer dat hy tydens sy besoek aan die Kaap in 1655 elke tweede Sondag 'n verklaring van die Kategismus voorgelees het. Na die voorlesing het hy die kinders die vrae laat opsê en bevestig met Skriftuurplaatse. Die gebruike volgens die voorskrif van die Paltse Kerkorde het volgens Oberholzer (1986:7) voorgekom tot aan die begin van die negentiende eeu. Vanaf 1806 het die Kategismus ten gunste van die Kortbegrip en ander leerboeke begin om veld te verloor. In die negentiende eeu het, net soos in Nederland, Hellenbroek en Borstius se boeke voorrang geniet. Hierdie boeke het nie die klem op die leer geplaas nie, maar op wedergeboorte, bekering en die kind se godsdienstige belewenis (De Villiers 1957:198).

In die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika het die kategese vanaf die veertigerjare bestaan uit Bybelgeskiedenis, geloofsleer en kerkgeskiedenis. Vir baie jare is die *Bybelse Geskiedenis* van di J D Storm en L M le Roux gebruik. In die sestigerjare is dit vervang met *Bybelse Geskiedenis vir die Kategese* deur prof J I de Wet en dr L M le Roux. Vir geloofsleer is vir baie jare die *Kortbegrip van die Christelike Godsdiens* (met verklaringe verwerk deur ds A J Barger), gebruik. In 1973 is dit vervang met *Geloofsleer met 'n werksindeling vir die Kategese* deur H G van der Westhuizen in medewerking met prof B J Engelbrecht en ds G C Velthuyzen. Die kerkgeskiedenisboeke van onderskeidelik di J J Kühn en A J G Oosthuizen is in 1965 vervang met prof A D Pont se 'n *Oorsig van die algemene kerkgeskiedenis* en *Die geskiedenis van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika* (Beukes 1983:68). Tot op hierdie stadium het die Hervormde Kerk slegs leerinhoude verreken wanneer kategetiese stof bepaal moes word.

In 1979 het die Algemene Kerkvergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika besluit dat 'n diepgaande studie van die kerk se kategese gemaak moes word. Hierdie ondersoek is onder andere geloods omdat die klem op die leer en nie op die Woord geplaas is nie. Die Ondersoekkommissie het die volgende uitgangspunte vir die kategese gekies, wat ook in beginsel deur die Algemene Kerkvergadering aanvaar is:



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

* Die Bybel is die sentrale bron vir die kategese. Bybelse inhoude funksioneer in 'n les met die klem op geloofswaarhede — die boodskap van die gedeelte. Die Bybelse boodskap word hanteer binne die raamwerk van die leer van die Kerk.

* Die leer, die belydenis van die Kerk, word in die standerd ses en sewe kategese-handboeke hanteer aan die hand van die *capita doctrinae*. Die Bybel word gebruik as die primêre bron om die belydenis te verklaar en daarna word gevra hoe die kerk dit in sy belydenisse en belydenisskrifte verwoord het. Die gebruik van memorisering het ook geheel en al verval.

* Naas die bogenoemde inhoude word ook kerkgeskiedenis, die praktyk van die kerk en eietydse etiese vrae in die kategese behandel.

* Kurrikulering sal gedoen word aan die hand van Kruger se kurrikulummodel, wat wêreldwyd die algemene didaktiese model is. Die beleid van die kerk sal egter as bykomende komponent bygevoeg word.

Die Nederduitsch Gereformeerde Kerk het met sy kategese min of meer dieselfde pad as die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika geloop. In 1863 is 'n sinodebesluit geneem dat 'het Kortbegrip en het Vrageboek van Hellenbroek als leerboeken worden goedgekeurd en vasgesteld' (De Villiers 1957:159). In 1927 verskyn aan die hand van G B A Gerdener die eerste Afrikaanse kategeseboek, *Handboek vir die Katkisasie*. Hierdie boek het uit drie afdelings bestaan, naamlik Bybelgeskiedenis en Kerkgeskiedenis, die belydenisskrifte en die kerkleer volgens die Kortbegrip en die kerkregering, en die gevare wat ons bedreig en die pligte van die lidmaat.

In 1946 is hierdie boek vervang met 'n katkisasieboek van dr E Greyling. Dit het bestaan uit 108 lesse oor die Bybelgeskiedenis en 108 lesse oor die geloofs- en sedeleer. In 1972 het daar 'n nuwe kategeseboek vir juniors en seniors verskyn, *Onderrig uit die Woord en Leer uit die Woord*. In 1982 is die boek van standerd nege vervang met *Glo en bely*. Vanaf standerd ses tot agt word die *Heidelbergse Kategismus* 'feitlik op die voet gevolg en die ander twee belydenisskrifte' bygewerk as sonde, verlossing en dankbaarheid agtereenvolgens behandel word. In *Glo en bely* word op geselekteerde wyse steeds die orde van die *Heidelbergse Kategismus* gevolg (nie meer op die voet nie), maar die stof word prakties aan die katkisante se situasie veranker en veral die deel oor die dankbare lewe as meelewende lid van die kerk, word aansienlik uitgebrei en deurgetrek na die hede (Viljoen 1985:234). Met die skryf van die jongste kategeseboeke is die kurrikulummodel van A H Strydom met enkele bywerkings gebruik (Viljoen 1985:234).



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

In die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika word aan die belydenisskrifte 'n baie groter plek toegeken in die kategese as by die ander twee Afrikaanse kerke (Viljoen 1985:229-230). In die eerste jaar van kategese word die *Ons Vader* behandel; in die tweede jaar die Apostoliese Geloofsbelydenis; in die derde jaar die wet; die vierde jaar die gebed aan die hand van vrae 162-192 van die *Heidelbergse Kategismus*; die vyfde jaar word die *Apostoliese Geloofsbelydenis* aan die hand van vrae 25-81 in die *Heidelbergse Kategismus* behandel; in die sesde jaar word die wet aan die hand van vrae 123-161 van die *Kategismus* behandel; in die sewende tot die elfde jaar word die *Heidelbergse Kategismus* twee keer deurgewerk en word ook aandag aan die ander belydenisskrifte gegee. In die finalejaar word veral Bybelstudie oor leerstellige sake gedoen.

Dit is duidelik dat die *Heidelbergse Kategismus* nie vir baie lank gegeld het as enigste leerboek om die katkisante in die leer van die kerk te onderrig nie. Dit is telkens vervang met 'n korter leerboek. Verder is dit duidelik dat die gereformeerde kerke tot op datum die leer van die kerk op een of ander wyse in die kategese ter sprake wil bring.

## 7. GEVOLGTREKKINGS

In die lig van die voorafgaande sal nou bepaal moet word watter plek die belydenisskrifte in die kategese van die kerk moet inneem. Kategese is nie slegs die eensydige oordra van leerinhoude waar die Heilige Gees noodwendig op hierdie inhoude, omdat die kerk dit gekies en oorgedra het, 'n positiewe uitwerking sal hê nie. Kategese is 'n dinamiese kommunikatiewe geloofshandeling met die oog op geloof in die lewende God. Dit is in al die kerklike bedieninge ingebed, maar vind in die besonder plaas in die onderrig van die kinders van die geloofsgemeenskap. Die leerinhoude wat vir hierdie onderrig gebruik word, is nie 'n grootheid op sigself nie, maar is deel van die totale onderriggebeure. As sodanig word die leerinhoude bepaal deur die kerk se beskouings van die kategese; die besondere saak wat onderrig moet word; die katkisante se behoeftes; die doel van die onderrig; die beskikbare en relevante leerinhoude en selfs die wyse van aanbieding. In die lig van die laaste stelling lyk dit geregverdig om saam met Viljoen (1985:241-242) te sê die kategeseleerstof moet *Skrifgetrou*, *belydenisgetrou*, *kindgetrou*, *kerkgetrou* en *lewensgetrou* wees.

### Skrifgetrouheid

Met die seleksie van inhoude vir die kategese sal die kernvraag altyd moet wees: Wat is die kerk se doel met sy kategese? Uit paragraaf 4 is dit duidelik dat dit in die kategese primêr gaan om 'n lewende verhouding met God tot eer van sy Naam deur die uitleef



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

van geloof onder alle omstandighede. Die kerk het nog altyd aanvaar dat God geloof wil laat realiseer deur die bediening van die Woord. Dit beteken noodwendig dat die Bybel die kern, die vertrekpunt, die middelpunt van die kategese sal vorm. Met hierdie studie is dan ook aangetoon dat die Nederduitsch Hervormde Kerk soos die ander twee sogenaamde susterkerke op voetspoor van die Hervormde Kerk in Nederland, sedert 1979 gepoog het om hierdie pad te loop. Dit beteken dan ook noodwendig dat die belydenisskrifte nie die vertrekpunt en die kern van die kerk se kategese kan vorm nie.

## Kindgetrouheid

Die besondere aard van kindwees in die twintigste eeu bring noodwendig mee dat daar met die kind se fase en behoeftes rekening gehou moet word. Die kind kan nie meer as blote objek hanteer word nie (Steenkamp 1996:752). Die kind is medebepalend (Olivier 1985:249), mede-subjek. Kinders leer daarom slegs as daar met hulle behoeftes rekening gehou word, as die vrae van hulle tyd aangespreek word, as die onderrig vir hulle sinvol is en as dit in die taal van hulle tyd plaasvind en deur middel van onderrigwyses wat vir hulle 'n werklike leerervaring meebring. Die kerk se belydenisskrifte praat egter nie die taal van hulle tyd nie, is nie gerig op die geloofsvrae van hulle tyd nie en nie gegiet in die onderrigvorm van hulle tyd nie (Koekemoer 1996:1). As sodanig spreek dit eintlik vanself dat hulle nie sonder meer geskik sal wees vir die onderrig van 'n volgende geslag nie. Dit is seker ook een van die vernaamste redes waarom die Hervormde Kerk dit reeds op die Sinode van Dordt 1618/1619 goedgevind het dat, naas die *Heidelbergse Kategismus*, ook ander leerboeke gebruik kan word (Donner & Van den Hoorn s a:42). Die feit dat kinders net werklik leer wat vir hulle sinvol is, bring noodwendig mee dat 'n onderrigwyse, soos die vroeëre onderrig van die Kategismus, wat grootliks geskoei is op memorisering, net nie meer vir hulle aanvaarbaar is nie. Volgens die meeste opvoedkundiges is memorisering slegs aanvaarbaar as sekere kerngegewens vir die leerders werklik essensieel en sinvol is.

## Lewensgetrouheid

Die katkisante is midde-in 'n bepaalde lewensituasie en dit sou niks baat as leerstof vir hulle aangebied word wat vir hulle lewensvreemd is nie; as daar antwoorde gegee word op vrae wat hulle nie vra nie. Die katkisante van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika moet hulle geloof in Suid-Afrika uitleef wat deel is van die wêreld van die laat twintigste eeu, die wêreld waarin post-modernisme en mense van sisteem vyf, ses en sewe die dominante meerderheid in wording is. Sisteme word afgewys waarin aan bepaalde normsisteme wat dominant is, vasgehou word (Beukes 1997:7). Die Refor-



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

matore wou juis met die belydenisskrifte nie nuwe dogmas formuleer nie, maar die lewende Woord verwoord, wat in bepaalde lewensomstandighede uitgeleef moet word. In die een en twintigste eeu sal hierdie Woord opnuut verwoord moet word om in die omstandighede van vandag vir gelowiges lewensbegeleiding te wees.

**Kerkgetrouheid**

Kategese het te doen met die 'bewaring' van die kerk wat weer in diens staan van die vermeerdering van die kerk. Kategese beoog onder andere ook om dooplidmate van 'n bepaalde geïnstitueerde kerk tot belydende lidmate van daardie kerk te lei. Kategese is nie kerkloos, kerklos, interkerklik of die werk van 'n onsigbare kerk nie, dit is die werk van 'n bepaalde sigbare kerk op 'n bepaalde plek in 'n bepaalde tyd. Kategese staan in diens van 'n bepaalde kerk wat sy eie lidmate toerus om lidmate van sy kerk as deel van die groter universele kerk te wees (Viljoen 1985:242). Dit is vir die kerk belangrik dat die kinders van die kerk hulle geloof sal verstaan in die bedding van hierdie kerk se geloofstradisie, maar op so 'n wyse dat hulle hulle geloof sal kan verwoord en uitleef. 'Met die oog hierop moet ons geloofstradisie verstaanbaar oorgedra word sodat dit 'n lewendige saak sal wees. Daar moet gewaak word om die kind in isolasie te sien, maar dat die kind gesien sal word as integrale deel van kerk, 'n kerk vir wie dit 'n uitdaging behoort te wees om in die volle sin van die woord 'n lewende kerk te wees en om nie terug te val in tradisionalisme nie' (Koekemoer 1996:1).

**Belydenisgetrouheid**

As ons kyk na die geskiedenis van die belydenisskrifte in die kategese, is die prentjie duidelik. In die vroeë kerk en feitlik dwarsdeur die geskiedenis het die hooftrekke, die kern van die belydenisskrifte, of liewer die belydenis van die kerk, sy regmatige plek in die kategese gekry. Die Nederlandse Geloofsbelydenis en die Dordtse leerreëls is egter nooit in enige kerk as kategeseleerstof benut nie. Tydens die Reformasie het die Kategismus van Calvijn, Luther, ander Hervormers, en later die Heidelbergse Kategimus as die enigste kategeseleerstof gedien. Hierdie primaat van veral die *Heidelbergse Kategismus* het nie eers tot die Sinode van Dordt in 1618/1619 bly voortbestaan nie. Dit is geleidelik vervang met opsommings of ander korter leerboeke wat verband hou met die belydenis van die kerk. Tot op datum het die Nederduitsch Hervormde Kerk geoordeel dat die belydenis in die kategese gehandhaaf moet word. Die vraag is egter: Hoe moet dit hanteer word?



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

In die huidige kategeseboeke funksioneer al die handboeke se inhoude binne die raamwerk van die kerklike dogma. In die standerd ses- en sewe-boeke word die belydenis direk behandel. Dit word behandel met die belydenisskrifte se *capita doctrina* as hoofstukopskrifte. Daarna word die bepaalde hoofstuk se inhoud vanuit die Skrif behandel en dan word gevra wat sê die belydenisskrifte oor hierdie saak. Die Bybel word dus binne die begeleidende raamwerk van die belydenis geleer en nie aan die hand van een of ander belydenisskrif nie. Langs hierdie weg kan die *sola scriptura* gehandhaaf word en die tradisie gehandhaaf bly, maar word dit voortdurend getoets in die lig van eerlike Skrifstudie. Hierdie pad laat ook die openheid dat die boodskap van die Bybel opnuut deur elke geslag ontdek kan word. As die Bybel aan die hand van een of ander belydenisskrif geleer word, word die Bybel verskraal tot die vind van bewysplase vir die leer van die kerk, en dien dit slegs as stutboek vir die kerklike belydenis (Geyser 1982:18). Hierdie wyse van hantering van die belydenisskrifte se inhoud lei daartoe dat die katkisante in ons tyd die kerklike tradisie kan verwoord en uitleef. Dit bly 'n lewende belydenis. Dit sou nie kon gebeur as die teks van die *Heidelbergse Kategismus* gememoriseer moes word of na vorm en bewoording net so teruggebring sou word nie. Dit is slegs moontlik as gelowiges telkens opnuut die geleentheid gebied word om vanuit die Woord antwoord op God se aanspraak te gee (Koekemoer 1996:1). Die belydenisskrifte van die sestiende eeu sou net só as kategetiese leerstof benut kon word as geloof slegs die intellektuele instemming met die leer van die kerk sou beteken, of as geloof en lidmaatskap as 'n dooie gegewene gelyk aan mekaar gestel sou word.

Dit blyk egter dat die huidige manier van hantering van die belydenisskrifte nie die gewenste effek het nie. Die rede is waarskynlik dat al die kategete nie altyd oor die vermoë beskik om die kern van die belydenisskrifte na vore te bring nie. Die gewenste uitweg sou wees dat die kerk, met die huidige belydenisskrifte as vertrekpunt, sy belydenis opnuut in die taal van die tyd kernagtig verwoord en dat hierdie dokument of 'nuut verwoorde belydenis' dan moet dien as begeleidende raamwerk om die belydenis van die kerk op dieselfde wyse as tans in die kategese te hanteer.

## Literatuurverwysings

Achelis, E Chr 1906. *Praktische Theologie: Voor Nederland bewerkt door L W Bakhuizen van den Brink.* Utrecht: Kennith & Zoon.

Armour, M C & Browning, D 1995. *Systems-sensitive leadership, empowering diversity without polarizing the church.* USA: College Press.

Beukes, M J du P 1983. *Kategese: 'n Handleiding vir kategete.* Kital: Pretoria.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Beukes, M J du P 1994. Beskrywing en evaluering van verskillende kategetiese beskouings met die oog op die formulering van basisteorieë vir die kategese. *HTS* 50/1 & 2, 211-235.

——— 1997. Kerkleiding in die een en twintigse eeu. *HTS* 53/3, 670-690.

Bijlsma, R 1962. *Kleine catechetiek*. Nijkerk: Callenbach.

Boshoff, H 1990. *Samelewingsveranderinge en die kerk in die negentigerjare: Moontlike implikasies*. Potchefstroom: Instituut vir Toekomsstudies.

Breytenbach, H S 1993. Die kategeet as begeleier in die verstaansproses van die kind. Ongepubliseerde gemeenteboukursus, Fakulteit Teologie (Afd B), Universiteit van Pretoria.

Brienen, T 1985. *Wegwijzer in het veld van de catechese*. Amsterdam: Buijten & Schipperhein.

Deist, F 1991. *Verhinder hulle nie: Godsdiensonderrig aan laerskoolkinders*. Pretoria: Van Schaik.

De Villiers, D W 1957. Die kategese in die Ned Geref Kerk in Suid-Afrika: 'n Prinsipiële, historiese en praktiese ondersoek van die kategese in die Ned Geref Kerk in Suid-Afrika. Ongepubliseerde DD-Proefskrif, Universiteit van Stellenbosch.

——— 1970. Riglyne vir die kategese volgens die sinode van Dordrecht. *NGTT* 11/2, 88-96.

De Wet, J I 1964. Kategese. Ongepubliseerde diktaatlesings, Departement Praktiese Teologie, Fakulteit Teologie (Afd A), Universiteit van Pretoria.

Dingemans, G D J 1986. *In de leerschool van het geloof, matheriek en vakdidactiek voor catechese en kerkelijk vormingswerk: Handboek praktische theologie*. Kampen: Kok.

Donner, J H & Van den Hoorn, S A s a. *Acta of Handelingen der Nationale Synode, in den naam onzes Heeren Jezus Christus, gehouden door outoriteit der Hoogmogende Heeren Staten-Generaal der Vereerigde Nederlanden te Dordrecht ten jare 1618 en 1619*. Utrecht: Den Hertogs.

Fendt, L 1951. *Het agogisch moment in het pastoraal optreden*. Kampen: Kok.

Firet, J 1977. *Het agogisch moment in het pastoraal optreden*. Kampen: Kok.

Geyser, P A 1982. Die kategeseleerplan. Ongepubliseerde referaat gelewer op 'n Predikantevergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika.

Green, T F 1971. *The activities of teaching*. Tokyo: McGraw-Hill.

Koekemoer, J H 1996. Belydenisskrifte en kategese. Ongepubliseerde referaat gelewer tydens 'n vergadering van die Raad vir Kategese.

Kruger, R A 1980. *Beginsels en kriteria vir kurrikulumontwerp*. Pretoria: HAUM.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Kuiper, F H 1980. *Op zoek naar beter bijbels onderwijs.* Amsterdam: Editions Rodopi.

Kuyper, R A 1809. *Encyclopedie der heilige godgeleerdheid, Derde deel.* Kampen: Kok.

Louw, W J (red) 1993. *Klaskamerpraktyk: 'n Oriëntasie.* Pretoria: Academica.

Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika 1914. *Wetten en bepalingen voor de Nederduitsch Hervormde Kerk van Zuid-Afrika.* Potchefstroom: Westen drukkery.

——— 1951. *Kerkwet van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika soos vasgestel deur die Algemene Kerkvergadering van 1951.*

1986. *Wet en Bepalings van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika soos vasgestel op die 61ste Algemene Kerkvergadering.* Pretoria: NHW Pers.

——— 1993. *Diensboek* (in opdrag van die Algemene Kerkvergadering van 1983). Pretoria: Kital.

Oberholzer, J P 1986. *Die Heidelbergse Kategismus in vier teksuitgawes, met inleiding en teksvergelykings.* Pretoria: Kital.

Olivier, M 1985. Die kind in kategese, in Smuts 1985:209-245.

Plantinga, G H 1967. *Jeugd en godsdienstige vorming: Inleiding tot een godsdienspedagogische benadering van eenige catechetische problemen.* Franeker: Wever.

Pont, A D 1991. Kategese, kategismusse en die belydenis van geloof. *HTS* 47/2, 431-441.

Prins, J M C 1992. Kommunikatiewe handelinge in diens van die evangelie: Implikasies vir die kategese. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika* 7/2, 137-147.

——— 1997. Post moderniteit en jeugbediening — enkele aspekte van 'n paradigmaverskuiwing en die implikasies daarvan vir die kerklike jeugbediening. Ongepubliseerde referaat gelewer voor die Praktiese Teologie Werkgemeenskap van Suid-Afrika.

Raubenheimer, O S H 1984. 'n Prinsipieel-empiriese ondersoek na die naskoolse jeug se belewing van die bedieninge van die Nederduitse Gereformeerde Kerk. Ongepubliseerde proefskrif, Fakulteit Teologie (Afd B), Universiteit van Pretoria.

Raubenheimer, O J 1997. 'n Profiel van die jeug in Suid-Afrika. Ongepubliseerde referaat gelewer voor die Praktiese Teologie Werkgemeenskap van Suid-Afrika.

Schippers, K A 1982. *Werkplaats Catechese, doelbepaling en organisatie jongerencatechese.* Kampen: Kok.

Smuts, A J (red) 1985. *Die Woord aan die werk, oor die kerklied, prediking en kategese.* Pretoria: NGK.

Snyman, T M 1987. Prinsipiële riglyne vir 'n kategismus vir die belydenisklas in die Nederduitsch Gereformeerde Kerk. DD-proefskrif, Universiteit van Pretoria.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Steenmeÿer van Rij, M W 1969. *Godsdienstige opvoeding in deze tijd: Benadering van 8-9 en 10-jarigen in de kinderdienste.* Den Haag: Boekencentrum.

Steenkamp, L J S 1997. Kerk en kultuur in 'n post-moderne samelewing. *HTS* 52/4, 746-764.

Ten Have, P 1932. Het stiefkind der kerk, eenige opmerkingen over den achterstand der catechetische didactiek. *Nieuwe Theologische Studiën*, 15/42, 236-245.

Tyler, R W 1977. Curriculum development. *Educational Digest* XLII/6, 134-139.

Van Aarde, A G 1993. Paradigmaveranderinge: Wat word daarmee bedoel. *Die Hervormer* 86/16, 15 November 1993, bl 5-6.

Van't Veer, M B 1942. *Catechese en catechetische stof bij Calvijn.* Kampen: Kok.

Van der Merwe, M J N 1984. Die leerstof in die belydenisklas as voorbereiding tot volwaardige lidmaatskap. Tesis vir nagraadse diploma in Teologie, Universiteit van Pretoria.

Van Veldhuizen, A 1925. *Katechetiek.* Den Haag: J B Walters.

Viljoen, D 1985. Die leerstof van die kategese, in Smuts 1985:209-245.

Viljoen, D J 1994. Die dooplidmaatbediening van die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1962 tot 1990, met toespitsing op die kategese en jeugaksies. DD-proefskrif, Universiteit van Pretoria.

Vorster, K 1993. Die kerk in 'n nuwe konteks. Ongepubliseerde referaat gelewer tydens interkerklike samesprekings.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services